Nasionale Kantoor
National Office

SAOU SA ONDERWYSERSUNIE
SA TEACHERS' UNION

Nuusbrief | Newsletter

Tel: 086 072 6843 | Faks/Fax: 012 348 9658
e-pos/email: saou@saou.co.za

NUUSBRIEF 04 NEWSLETTER 13/02/2015

1 + 4 PROJEK / 1 + 4 PROJECT

Na aanleiding van formele samesprekings met die Departement van Basiese Onderwys op nasionale vlak insake die 1 + 4 projek wat beoog om onderwys-personeel wat Wiskunde vir Gr 8 en Gr 9 aanbied vir een dag per week te onttrek vir vakkundige opleiding, word die volgende berig:

1. Die SAOU het kapsie gemaak teen die eensydige implementering van die projek in die afwesigheid van formele konsultasies oor die ontwrigtende invloed op skole en die negatiewe impak op geaffekteerde onderwyspersoneel se diensomstandighede.
2. Die SAOU besef terdeë dat die JNA-uitslae van Gr 1 tot Gr 9 'n ernstige dalende tendens toon en dat daar duidelike behoefte aan 'n daadwerklike intervensie bestaan ten einde o.a. die vakkennis van onderwyspersoneel wat nie op standaard is nie, aan te spreek. Veralgemening moet vermy word en daarom sal 'n sogenaamde "one-size, fits-all" benadering egter nie deug nie.
3. Die SAOU sal dus meedoen aan die ontwikkeling van 'n bemagtigingsplan vir die opskerping van Gr 8 en 9 Wiskunde opvoeders se vakkennis, maar op so 'n wyse dat dit die ontwrigting van skole en die negatiewe effekte op personeel se diensomstandighede tot die minimum sal beperk.
4. Dat die SAOU en die DBO nie verder die aangeleentheid deur middel van die media sal bespreek nie.
5. Dat alle 1 + 4 implementeringsplanne in al 9 provinsies agterweë gehou sal word tot tyd en wyl daar behoorlik in RAVO (nasionale vlak) met die SAOU en ander vakbonde gekonsulteer word.
6. Konsultasies is reeds vir die week van 16 Februarie 2015 geskeduleer.

Emanating from discussions with the Department of Basic Education at the national level regarding the 1 + 4 project that intends to withdraw Gr 8 and 9 teachers from classrooms for one day per week, the following can be reported:

1. The SAOU objected to the unilateral implementation of the project in the absence of formal consultation regarding the disruptive effect on schools and the negative impact on the service conditions of teachers.
2. The SAOU fully realises that the ANA results reflect a serious declining trend from Gr 1 to Gr 9 and therefore that a serious need exists for intervention to address teachers' possible lack of subject knowledge. However, generalisation should be avoided and therefore a "one-size, fits all" approach will not suffice.
3. The SAOU will therefore participate in the development of an empowerment plan to improve the subject knowledge of Gr 8 and 9 teachers. The plan must minimise the disruptive effect on schools and the negative effect on the service conditions of teachers.
4. That the SAOU and the DBE will refrain from further discussions in the media.
5. That all the current implementation plans of the 1 + 4 project in all 9 provinces will be placed on hold until such time as proper consultations with the SAOU and other teacher unions in the ELRC (national level) have been finalised.
6. Consultations have already been scheduled for the week of 16 February 2015.

DATUMRESERVERING / RESERVATION OF DATE

HOOFDESIMPOSIUM 2015	PRINCIPALS' SYMPOSIUM 2015

Die terugvoer ten opsigte van Simposium 2014 was oorweldigend positief en met die afsluiting daarvan wou talle simposiumgangers reeds vir 2015 registreer. Dit is daarom aangenaam om u aandag op die volgende te vestig t.o.v. Simposium 2015:
 	
• Tema: *Beter onderwys vir 'n beter toekoms!*
• Datum: 30 Augustus tot 2 September 2015
• Venue: NMMU, Port Elizabeth
• Koste:
  o Lede: R1 470
  o Nie-lede: R1 615
• Opening van registrasies: 23 Maart 2015
	The feedback on Symposium 2014 was overwhelmingly positive and with conclusion many attendees wished to register for 2015. We therefore take pleasure to draw the attention to the following regarding Symposium 2015:
	
	• Theme: *Better education for a better future!*
	• Date: 30 August to 2 September 2015
	• Venue: NMMU, Port Elizabeth
	• Cost:
	  o Members: R1 470
	  o Non-members: R1 615
	• Opening of registration: 23 March 2015